

Dinsdag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Handeling 3:1-26

Fokusgedeelte: Handeling 3:5

Die kerk se arbeid na buite

Jesus Christus het gedurende sy aardse lewe verseker 'n paar keer by hierdie man verbygestap sonder om hom te genees. Hier by die tempel het hy al vir baie jare gesit en bedel vir 'n wêreldse versnapering. Hy was naby die tempel, maar tog liggaamlik en geestelik vol gebrokenheid.

God kies hierdie oomblik in die lewe van hierdie bekende bedelaar om die fokus van sy kerk se bediening te vestig. Die kerk van Jesus Christus is nie daar om materiële versnaperinge vir wêreldse bedelaars te verskaf nie, maar moet heel eerste mense onder die koningskap van Jesus Christus inbring. Hierdie bedelaar wat elke dag naby die tempel was, se gebrokenheid het duidelik in sy verlamde lyf sigbaar geword. Nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik was hy 'n armoedige bedelaar. Sy lewe was tekenend van alle mense in hierdie sondebedeling. Vandat hierdie man die krag van die koningskap van Jesus Christus ontvang het, is sy lewe deur God se Gees herstel en weer heelgemaak. Die voorbeeld van hierdie wonderteken strek vir die skare mense tot 'n bekeringsoproep. Laat Jesus Christus jou lewe volkome herstel.

So baie mense is soos hierdie bedelaar – so naby en tog so gebroke. Dit is goed om vir honger mense brood te gee, maar pas op dat hulle dan nie met vol mae na die hel gestuur word nie. Die kerk verkondig die boodskap van Jesus Christus se koningskap wat mense se lewens weer herstel en in alle opsigte weer heelmaak.

*Sing: Psalm 65-1:3
Prof. IW (Naas) Ferreira (TSP)*